

INSTITUUT VIR HOUTKONSTRUKSIE SUID-AFRIKA

FEITE OOR DAKKAPPE: WEERSTAAN DIE VERSOEKING!



DAKKAPPE OP TERREIN GEBOU



REEDSVERVAARDIGDE DAKKAPPE

VS

OMSKRYWING

Handgemaakte Houtdakkappe wat by die laste met boute en spykers verbind word OF met spykerplate op die terrein aangebring word. PASOP HIERVOOR!

Reedsvervaardigde Houtdakkappe gegrond op SANS 10160, 10163 & 10243 en verbind volgens hul ontwerp met 'n geakkrediteerde Ingenieurstel se spykerplate, soos verskaf deur 'n geakkrediteerde ITC-SA Vervaardiger.

ONTWERP

Moet voldoen aan die tabelle in SANS 10400 of die besonderhede in die Nasionale Registrasieraad vir Huisbouers se "Huisbouhandleiding". Hierdie besonderhede beperk die vorm van die dakkap en helling van die dak, en is vir 'n maksimum wydte van 8 meter. As daar in enige opsig nie aan hierdie besonderhede voldoen word nie, is die dakstruktuur ONWETTIG en die ontwerp moet deur 'n Professionele Ingenieur nagegaan word. Alle strukture met hoeksparrre en kiele MOET deur 'n ingenieur ontwerp word!

Ontwerp deur ITC-SA Geakkrediteerde Stelselverskaffer. Die metaal verbindingsplate wat gebruik word, moet voorsien word deur die spesifieke ingenieurstel wat gebruik word. Daarbenewens moet hierdie plate die regte grootte wees en op die regte plekke geplaas word, volgens die standaardmetodes en -toleransies.

VERVAARDIGING

Op die terrein handgemaak en gesaag met houtwerkhandgereedskap. Groottes van houtstawe, aantal boute en boutgroottes, asook aantal spykers en groottes word in SANS 10400 en die NHBRC se Huisbouershandleiding vervat.

NIE-VOLDOENING AAN STATUTÊRE VEREISTES IS BAIE ALGEMEEN EN VERG EKSTENSIEWE REMEDIËRENDE WERK.

Presiesgesaag met Gespesialiseerde Geoutomatiseerde Masjinerie, vervaardig en gemonteer in 'n beheerde omgewing met gespesialiseerde toerusting in setapparaat vir die spesifieke doel deur gebruik te maak van ingenieursvervaardigde spykerplate ingevolge SANS10163, 10243 en alle toepaslike spesifikasies en regulasies. Die ITC-SA geakkrediteerde Vervaardiger sal jou voorsien van 'n Vervaardigingstifikaat om te bevestig dat jou struktuur ingevolge alle toepaslike spesifikasies en regulasies vervaardig is. Jou struktuur word ook gedek deur die geakkrediteerde Vervaardiger se Produkanspreeklikheidsversekering.

OPRIGTING

Dit moet streng ooreenkomstig die volgende geskied:

1. Die bedoeling van die ontwerp
2. NHBRC se Huisbouershandleiding en SANS 10243

Die oprigting van dakkappe wat op die terrein gemaak word, word oor die algemeen gedoen deur mense wat NIE deur die Instituut vir Houtkonstruksie van Suid-Afrika (ITC-SA) geakkrediteer is nie en dalk nie bevoeg is nie! GEEN DAKSPARRRE EN KIELE WORD TOEGELAAT NIE.

Dit moet streng ooreenkomstig die volgende geskied:

1. Die bedoeling van die ontwerp
2. SANS 10243

Deur 'n professionele, bevoegde maatskappy en/of 'n persoon wat deur die Instituut vir Houtkonstruksie van Suid-Afrika (ITC-SA) geakkrediteer is.

INSPEKSIE EN AFTEKEN VAN HOUTDAKSTRUKTUUR, INGEVOLGE NASIONALE BOUREGULASIES OM 'N BEWONINGSERTIFIKAAT BY DIE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT TE BEKOM

Moet geïnspekteer word vir voldoening aan Regulasie A19 van die Nasionale Bouregulasies, die bedoeling van die ontwerp en spesifieke regulasies en spesifikasies wat verband hou met Houtdakkappe, met 'n Geregistreeerde Beroepspersoon (geregistreeer by die Ingenieursraad van Suid-Afrika) wat verantwoordelikheid sal neem vir die betrokke struktuur. Sodra die dak voltooi is tot die Ingenieur se tevredenheid, sal 'n Voltooiingsertifikaat uitgereik word wat die eienaar in staat sal stel om 'n Bewoningsertifikaat by die Plaaslike Munisipaliteit te bekom.

VOLDOENING AAN DIE VEREISTES IS DIKWELS PROBLEMATIES.

Moet geïnspekteer word vir voldoening aan Regulasie A19 van die Nasionale Bouregulasies, die bedoeling van die ontwerp en spesifieke regulasies en spesifikasies wat verband hou met Houtdakkappe, met 'n Geregistreeerde Beroepspersoon (geregistreeer by die ITC-SA en die Ingenieursraad van Suid-Afrika) wat verantwoordelikheid sal neem vir die betrokke struktuur. Sodra die dak voltooi is tot die Ingenieur se tevredenheid, sal 'n Voltooiingsertifikaat uitgereik word wat die eienaar in staat sal stel om 'n Bewoningsertifikaat by die Plaaslike Munisipaliteit te bekom. Deur 'n A19 Voltooiingsertifikaat uit te reik, neem die Ingenieur verantwoordelikheid vir die struktuur en derhalwe word die struktuur gedek deur die Ingenieur se Professionele Vrywaringsversekering!

GEVOLGTREKKING

Statistieke wat deur die Instituut vir Houtkonstruksie van Suid-Afrika bekom is, toon dat 90 % van hierdie strukture nie aan toepaslike regulasies en spesifikasies voldoen soos deur die Nasionale Bouregulasies vereis word nie. Daar is bevind dat hulle ongeveer 20 - 40 % duurder is as Reedsvervaardigde Houtdakkappe. Sou daar enige probleem wees, het 'n mens gewoonlik geen verhaling nie en loop dit uit op tydrowende en duur siviele regsdinge! Enige besparings waarvoor jou bouer jou verkeerdlik geadviseer het, sal oor en oor uitgekanselleer wees!

As hierdie strukture deur 'n geakkrediteerde ITC-SA Dakbouer opgerig word, is jy gewaarborg van 'n Dakstruktuur wat 100 % voldoen en het jy die gemoedsrus dat, sou jy enige probleem ervaar, daar regres vir verhaling is deur die ITC-SA se Dissiplinêre Prosedures vir al sy geakkrediteerde lede.

SERTIFISERING DEUR 'N ITC-SA GEAKKREDITEERDE INGENIEUR SAL VIR JOU BAIE JARE SE GEMOEDSRUS BRING

www.itc-sa.org

SAFCA -gebou | Hulleyeg 6 | PO Box 686, Isando, 1600
Tel: +27 (0) 11 974 1061 | Faks: +27 (0) 11 392 6155 | E-pos: enquiries@itc-sa.org

TAKKE
Suidoos-Kaap | KwaZulu-Natal | Wes-Kaap

TAKKOMITEES
Gauteng | Polokwane | Mpumalanga | Vrystaat | Noord-Kaap | KwaZulu-Natal
Suid-/Oos-Kaap | Port Elizabeth | Oos-Londen | Wes-Kaap



Institute for Timber Construction